## *DIE STERRELAER.*

*Die nag span nou sy sterrelaer uit.*
*Groot tente word die eerste opgeslaan*
*Om in die wye kampement die lyn*
*En plek te vind waar elke tent sal staan.*

*En middeldeur, waar meeste tente is,*
*Loop wyd, van end tot end, die hemelstraat,*
*Oorwasem deur 'n melkwit deinsigheid,*
*In aanskyn soos die vroeë dageraad.*

*Laag waar die son se poort al donker is*
*En waar dié straat tot aan die einder raak,*
*Verskyn die aandster as die brandwag wat*
*Die ingang van die laer streng bewaak.*

*TOTIUS.*